

Geloof is genoeg

Teks: Romeine 1: 8 - 17 en Sondag 23

Teksvers: Romeine 1: 16 - 17

1. Inleiding

Vandag fokus ons op die eerste van twee sondags afdelings wat op die sondags afdelings oor die Apostoliese geloofsbelydenis volg. En op 'n manier is hierdie ou vroeë baie aktueel vandag. En dit is juis baie aktueel hier onder die gemeenskap van die gelowiges. Want ek is seker as jy vir enige belydende lidmaat van ons gemeente vra of hy/sy die Apostoliese geloofsbelydenis aanvaar en bely, sal die antwoord ja wees.

Maar is hierdie belydenis in ons optrede werklik elke dag sigbaar. Ons almal weet hoe mooi en goed goeie beleid kan wees. Ons land is vol van goeie wette en beleide, maar tog voel dit of daar weinig mense is wat hulle uiteindelik stuur aan hierdie wetgewing. Daarom kan ons nie help om ook hierdie vraag in die geloof te vra nie. Alhoewel die Apostoliese Geloofsbelydenis universeel aanvaar word deur Christen gelowiges. Kom hierdie woorde ooit werklik van die papier af en word oortuigings en daadwerklike optrede. Of is dit maar 'n wat maak dit tog saak aangeleentheid.

Dit is uiteindelik juis een van die belangrikste eienskappe van die Kategismus. Troos maar nie net korporatiewe troos nie, individuele troos vir my en jou. En Sondag 23 maak iets van die geloofsbelydenis persoonlik vir my. Die geloof in die evangelie. Maar hoe dink ons vandag oor die evangelie. Raak dit ons nog. Ons as gelowiges wat dit sondag na sondag hoor. Wat waarskynlik in daaglikse bybelstudies dit oordink. Wat dit as 'n ware saam met voedsel in ons ouerhuis ontvang het. Raak hierdie waarhede ons nog wanneer ons dit aanhoor. Besef ons vandag nog hoe wonderlik die evangelie is.

Ons gaan vandag stilstaan by die kern van die evangelie. Redding deur die geloof alleen. Daarom gaan ons ook na Romeine 1 vers 17 en 18 kyk. Vir baie teoloë is dit die kern van Paulus se totale geskrifte in die Nuwe Testament. Kom ons word weer stil en rustig

voor die wonder van die evangelie. Voor dit wat Christenskap uniek maak tussen alle ander gelowe van die wêreld. Dit wat ook genade en hoop vir jou en my persoonlik kan bring.

2. Geregtigheid van God

Ons begin by die ongewilde gedeelte van die boodskap. Die harde werklikheid waarvoor die wêreld nie tyd het nie. Tog is dit nie net die siening van die harde ateïsme. Onder al die godsdienstige bewegings van die wêreld is daar die oortuiging dat daar tog iets fout is met die mens. Iets waaraan hy moet werk om dit te verbeter. Tog is al die ander gelowige steeds vasgevang in die leuen van die satan. Die leuen dat ek uit my eie iets daaraan kan doen. Daarom sien ons ook in die volgende gedeelte in vers 23 dat hulle niks met hulle redenasie bereik nie.

Want om by die mens te begin weet ons is die verkeerde plek te begin. Ons moet by God begin. God wat ons volmaak gescape het. Maar natuurlik het ons hierdie volmaaktheid verruil. Soos ons weet stel hulle in die plek van die heerlikheid van die onverganklike God beelde. Skepsels word aanbid, vereer en nagejaag met bykans alles wat ons is en het. So glo ons die leuen van die Satan en draai die rug op die Here. Daarom word die mens steeds in hierdie sonde gebore. En dit is wat fout is met die mens.

Maar dit is nou hier waar die God almagtig verskil van die wêreld. God is totaal en al soewerein. Hy kan nie beïnvloed word om iets te doen deur enige iets of iemand nie. Dit is ook nie so gewilde boodskap vandag nie. Want ons leef vandag in 'n wêreld waar alles dinamies en relatief moet wees. Die absolute waarheid van God wat altyd dieselfde bly maak dinge moeilik vir die mens.

En wanneer ons werklik die evangelie ernstig opvat moet ons ook hierdie harde waarheid verkondig. Ons kan nie die evangelie sag maak om by sondige wêreld aan te pas nie.

Nee ons roeping is eerder om die wêreld aan te spoor tot heiligheid in die Here.

3. Geregtheid in die geloof

Maar dit is nou juis hier waar die hoop vir ons kan ver voel. Wanneer ek op eie alles probeer om heilig en volmaak te leef. Wanneer ek al die gebooe van God op my eie probeer nakom sodat ek net deur die Here aanvaar kan word. Kan ek werklik eerlik sê dat ek nog nooit probleme gehad het met ongeregtheid, slegtheid, hebsug, gemeenheid, jaloesie, moord, twis, bedrog, kwaadwilligheid en skinder nie. Hoe meer ons hieraan dink, hoe meer wil ons saam met Paulus uitroep in Romeine 7 vers 19: "19Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek"

Dit voel dan spoedig of hierdie pad terug na die Here toe net onmoontlik is. Maar dit is dan juis hier waar die waarheid oor die evangelie na vore kom. Hierdie waarheid wat Paulus ook brand om te verkondig aan die Romeine as Hy die kans sou kry volgens ons teksgedeelte. En die kern van hierdie evangelie is dat iemand anders hierdie pad vir ons kom herstel het. Want die evangelie is nie iets nie maar iemand. Die evangelie is God wat mens word en onder ons kom woon. Wat 'n volmaakte sondevrye lewe ly om aan die einde as die sondelose lam vir ons sondes geoffer te word.

So word Jesus Christus die weg en die waarheid en die lewe soos ons sien in Johannes 14:6. En ons het die voorreg om hierdie redding te ontvang. En daar is net een manier hoe ons hierdie waarheid ons eie kan maak. En dit is deur die geloof. Die geloof wat deur die Heilige Gees in ons gewerk word. Die geloof is die arms waarmee ek hierdie geskenk van die Here vat. Of dit is die houer waarin ek dit ontvang. Daarom is dit waar dat ons deur geloof alleen gered word. Maar tog is dit nie die geloof self wat ons red nie. Maar eerder die inhoud van die geloof. Dit is Jesus Christus wat ons red.

4. Geregtheid vir my

Maar alhoewel hierdie redding vir die kerk van die Here is, waarvan ons deel is, is hierdie redding ook vir my en jou individueel

persoonlik. Hierdie werking van die geloof is persoonlik en intiem.

Ons weet ook wat dit is wanneer die Heilige Gees hierdie geloof persoonlik in my en jou werk. Wanneer ons die woorde van die evangelie hoor, maar dit soveel meer as blote woorde op papier is. Wanneer dit deur werking van die Heilige Gees die waarheid diep binne ons word. Wanneer ons besef ons is regverdig voor God verklaar. Nie as gevolg van iets wat ons gedoen het nie. Maar uit genade wat die Here onverdiend aan ons bewys.

Hierdie oortuiging laat ons nie trots en groot voel nie. Hoe kan 'n mens roem op iets wat jy as geskenk ontvang. Ons ontvang ons redding as 'n geskenk van die Here. 'n Geskenk waarvoor ons nie in staat is om enige iets by te dra nie. Daarom is die enigste gevoel wat hierdie besef by ons kan laat dankbaarheid. En dit is juis daarom dat ons lewens voortaan bekend moet wees vir goeie dade wat ons uit dankbaarheid doen.

Ons moet ook die liefde wat die Here aan ons bewys, gaan bewys aan mense om ons. Dikwels mense wat dit nie verdien nie. Maar juis dan moet ons onthou ons het ook nie die liefde van die Here verdien nie. Dit is aan ons gegee in genade alleen.

5. Slot

Ons kan afsluit deur te sê dat ons vandag weer die geleentheid gehad het om stil te woord voor die waarheid van die evangelie. Ons het stil gestaan by redding deur die geloof alleen. Maar ons besef dat die geloof die houer is waarin ons eintlik ons redding ontvang. Want op die einde word ons deur niks anders regverdig gemaak as deur die offer van Christus aan die kruis gebring het nie. Die volmaakte offer vir al ons sondes.

Maar dit is belangrik om te besef dat hierdie houer oorloop. In God se grootheid loop hierdie houer oor. Wanneer ons werklik oortuig is van ons redding kan ons dit nie wegsteek nie. Ons wil dit verkondig aan almal. Eintlik voel 'n mens 'n verpligting soos Paulus om die evangelie te verkondig.

Want ware naasteliefde is juis om die evangelie aan jou naaste te verkondig. Want dit is uiteindelik die manier waarop hy/sy gered

word uit die ewige dood. Die is die waarheid
wat die toekoms vir hom kan verander.

Kom ons gaan leef in dankbaarheid uit die
geloof alleen. Want soos Paulus skaam ons,
onself nie vir die evangelie van die Here nie.
Want dit is 'n krag tot redding vir elkeen wat
glo. Kom ons gaan bedien hierdie genade
onder die kragtige leiding van die Heilige Gees

Amen